

# Personeelkamer Opening

## 73. Die Laaitjie

Ek is tans besig met kaste en laaie regpak. Dis groot werk en in my kombuis trek ek toe 'n laai oop. Ek glo daar is so 'n laai in elke vrou se kombuis. Netjies opgevou is 'n paar stukkie geskenk papier vir daardie onverwagse geskenkie wat inderhaas toegedraai moet word.

Daar is 'n paar hakspelde ingeval iemand seerkry en die verband vasgeheg moet word. Daar is 'n rekkie of twee, en 'n paar verdwaalde strooitjies. Daar is 'n verlore spyskaart van wegneem etes maar die datum is so verouderd dat dit geen waarde meer het nie. Daar is stukkie tou of twee... mens weet nooit wanneer iet opgebind moet word nie. En so pak ek uit, en hoe meer ek uitpak hoe meer kry ek goed wat ek gebêre het net "ingeval" ek dit nodig het.

Terwyl ek hierdie laai so staan en skoonmaak toe praat die Gees van die Here met my en vra my of ek al ooit hierdie "ingeval" goed nodig gekry het. En ek beseft dat dit eintlik net 'n opgaarplek vir klein stukkie gemors is.

En toe kom die vraag by my op of daar in in my geestelike lewe nie ook miskien so 'n gemors laaitjie is waarin ek allerhande goed bêre net "ingeval" ek dit nodig kry nie.

Jy bêre 'n seerkry herinnering net "ingeval" daardie persoon jou weer in jou lewe seermaak, dan pluk jy die laai oop en vryf hierdie onder hulle neuse, en verklaar... sien jy, jy het dit voorheen ook aan my gedoen.

Jy bêre daardie harde woorde wat iemand jou toegesnou het, net "ingeval" jy dit dalk eendag nodig kry, maar vandag wil ek jou vra soos die Gees van die Here vir my gevra het.... Wanneer laas het jy hierdie gemors nodig gekry, waarom maak jy nie vandag jou geestelike laaitjie skoon nie. En net soos ek, gaan jy goed ontdek wat jy nog nooit nodig gehad het nie, en goed wat jy nie eers meer kan onthou waarom jy dit gebêre het nie.

Gaan sit vandag by jou geestelike laaitjie en trek dit oop en begin skoonmaak. Gooi alles uit, raak ontslae daarvan en dan doop jy 'n lappie in die reinigings middel van die Heilige Gees en vee jy al die hoeke skoon. Was die laai uit en dan vind jy uit jy het nou pakplek vir daardie ou blommetjie wat jou man sommer in die tuin vir jou gepluk het. Jy het plek vir daardie mooi prentjie wat jou kleinkind vir jou geteken het. Jy het plek vir 'n mooi fototjie van jou gesin en van julle laaste kuiertjie saam. Jy het plek om liefde weg te pak en nou dat alles skoon is is daar baie plek vir die mooiste herinneringe.

***Geskryf deur Georgie Claassen van die Christus Volgeling Facebook Groep.***